finansieel

Entiteite

Oudit

Direkteure en Trustees

Finansiële verslag

Invest

Inligting

Let Wel:
Bedrae wat uiteengesit is, is ongeouditeerd en mag verander.
Syfers word weergegee soos gereflekteer op 9 Januarie 2012.

entiteite

Bediening vind plaas binne 'n aantal entiteite, en word kortliks uiteengesit:

Mosaïek

Mosaïek-kerk is geregistreer as 'n assosiasie – en as 'n *Public Benefit Organisation* (930021909) by *SARS*, wat beteken dat donasies ontvang in Mosaïek vir die bediening en bedieningsaktiwiteite belastingvry is. Alle bedieninge, behalwe *Missional Expressions*, funksioneer binne hierdie entiteit.

Embark Foundation

Embark Foundation is 'n Artikel 21-maatskappy (Reg. 2007/018438/08) wat as *Public Benefit Organisation* (930025695) by SARS geregistreer is. Dit het tot gevolg dat finansiële aktiwiteite binne die entiteit belastingvry is. *Embark* is verder geregistreer vir 18(A) belastingvrystelling vir doeleindes van welsyn-donasies, wat beteken dat donateurs 'n sertifikaat kan ontvang vir welsynsdonasies wat belasting-aftrekbaar is.

Missional Expressions se tuiste is binne *Embark Foundation* en dit sluit die volgende afdelings in: *Missional Impact* en *Social Upliftment*.

Bates wat in hierdie entiteit gehou word is die Florida Babahuis, Madelinestraat 49, Florida. Die boekwaarde van die huis is R 1 137 379 op 31 Desember 2011 en daar is 'n verband op die huis met 'n waarde van R 917 868 op 31 Desember 2011.

DJ Lifestyle (Pty) Ltd

DJ Lifestyle (Pty) Ltd is 'n privaat-maatskappy (Reg. 2002/024637/07), en die aandele van die *DJ Lifestyle (Pty) Ltd* word binne die Mosaïek Trust (sien hiernaas) gehou.

Mosaïek se fasiliteite te Daniellestraat 1, Fairland is tans in hierdie entiteit geregistreer. Die ander bates op die perseel wat gesien word as Mosaïek-bates reflekteer ook in hierdie finansiële state.

DJ Lifestyle (Pty) Ltd is ook die entiteit waarbinne ons as rentmeesters die fasiliteite aan die gemeenskap verhuur wanneer dit nie vir bedieninge gebruik word nie. Deur die verhuring reik ons uit na die gemeenskap en gebruik die fasiliteite om te help om oorhoofse kostes te delg en sodoende meer fondse beskikbaar te stel vir bediening.

Vaste Bates

Eiendom se boekwaarde op 31 Desember 2011	R 31 191 283
Ander bates se boekwaarde op 31 Desember 2011	R 1 050 533
Eiendom se vervangingswaarde word beraam as –	R 97 535 250

Mosaïek Trust

Mosaïek Trust (IT2126/2006) hou die aandele van *DJ Lifestyle (Pty) Ltd*. Die trustees van Mosaïek Trust is die ouderlinge met die begunstigdes, Mosaïek. Daar is verder geen ander aktiwiteite in Mosaïek Trust nie.

Emthonjeni Community Centres

Emthonjeni Community Centres is 'n Artikel 21-maatskappy (Reg 1992/005868/08) wat geregistreer is as 'n *Public Benefit Organisation* (930014707) by SARS. Aktiwiteite binne *Emthonjeni Community Centres* is ooreenkomstig vrygestel vir belasting-doeleindes. *Emthonjeni Community Centres* is ook geregistreer vir 18(A)-belastingvrystelling, wat beteken dat donateurs 'n belasting-aftrekking kan ontvang.

Die gemeenskapsentrums in Zandspruit en in KwaNdebele se aktiwiteite vind binne die entiteit plaas.

Academy Trust

Academy Trust (Reg. IT6982/07) is geregistreer as 'n *Public Benefit Organisation* (930026449), wat beteken dat donasies ooreenkomstig vrystelling, nie belas word nie.

Hierdie entiteit is gebruik vir opleidingsgeleenthede soos *Formatio*. Die Mosaïek Akademie funksioneer ook binne hierdie entiteit.

oudit

Openbaarmaking

Alle voorafgenoemde entiteite se jaareindes is 31 Desember. Alle entiteite word jaarliks geoudit, behalwe Mosaïek Trust wat geen aktiwiteite behalwe die aandele van *DJ Lifestyle (Pty) Ltd* het nie. Die oudit word deur die onafhanklike ouditeure ***Master Business Associates (Pty) Ltd*** gedoen, en die huidige ouditbestuurder is Muller Coetser en die ouditvennoot is Marius Maritz. Die laaste oudits wat gedoen is, is vir die jaar geëindig 31 Desember 2010. Alle ouditverslae was ongekwalifiseerd.

Ouditstate-goedkeuringsproses

Die oudit word uitgevoer en state word opgestel waarna dit aan die finansiële komitee voorgelê word vir vrae en voorstelle. Die nodige aanpassings en voorstelle word dienooreenkomstig gedoen.

Ouditstate wat deur die finansiële komitee voorgestel is, word dan voorgelê aan die relevante direksies, trustees en *exco*. Na goedkeuring van die relevante direksies, trustees en *exco* word dit voorgelê aan die Ouderlinge waar dit finaal goedgekeur word.

Johan Geyser
DJ Lifestyle, Academy

Tiaan Willemse
Embark, DJ Lifestyle, Emthonjeni, Academy

Sue Calldo
Embark, DJ Lifestyle, Emthonjeni

Ian Merrington
DJ Lifestyle

Sollie Potgieter
DJ Lifestyle

Neels van der Bergh
DJ Lifestyle

Sophia Coetzee
DJ Lifestyle

Jeanetta Basson
Embark, Emthonjeni

Louise Rivett
Embark

Leonard Maré
Academy

Gert Basson
Emthonjeni

Napthaly Letsholo
Emthonjeni

direkteure & trustees

Finansiële verslagdoening

Vir doeleindes van hierdie verslagdoening word *DJ Lifestyle* en Mosaïek saamgevoeg. Finansiële Bydraes tot die gemeente bestaan uit tiendes en offerandes en word aangewend om bediening te befonds. Deur eksterne verhurings in *DJ Lifestyle* word oorhoofse kostes betaal om meer fondse vir bedieninge beskikbaar te stel.

Inkomstes (verhurings, tiendes, offerandes) en Kostes

Vyf jaar-oorsig



Mosaïek is geseënd deurdat die uitgawes deur die inkomstes gedek word, maar die groei ten opsigte van inkomste beperk tans bedieningsgroei en het implikasies op die bedieningsvisie van Mosaïek, en die uitvoerbaarheid daarvan.

Gemiddelde maandelikse tiende-bydrae per transaksie

Vyf jaar-oorsig



Die grootste gedeelte van tiende-inkomste word ontvang deur elektroniese oorbetalings. Ander metodes sluit in tiende-koeverte deur Finansiële Bydraes tydens dienste, en webwerf-oorbetalings per kredietkaart.

Aantal gemiddelde tiende-transaksies per maand

Vyf jaar-oorsig



Daar word beraam dat **13%** van gesinne op ’n maandelikse basis tiende-bydraes maak. Gemiddelde tiendes en offerandes per lidmaat per maand beloop **R 216**.

Gemiddelde offerande per bywoner per diens

Vyf jaar-oorsig (Teatro & Klipkerk)



Verdeling van inkomste 2011

Inkomste verdeel volgens hoofkategorieë



Korting toegestaan

DJ Lifestyle se hart klop vir die gemeenskap en om instansies soos opleidings-, welsyns- en godsdienstige organisasies te help. Daarom word daar vir hierdie instansies kortings gegee op verhurings.
Die totale *social responsibility*-bydraes oor die typerk 2007 tot 2011 is **R 2 719 893**.



Invest

Die *Invest*-projek, 'n ontwikkelingsfonds vir strategiese en kapitaal-uitbreiding, se inkomste oor die laaste vyf jaar lyk soos volg:

	2007	**2008**	2009	**2010**	2011	**Totaal**
Donasies ontvang	487 651	**2 287 380**	1 243 323	**1 756 664**	2 672 576	**8 447 594**

Hierdie donasies het verskeie uitbreidings moontlik gemaak:

Die oprig van die *Viaticus*-gebou was een van die eerste oogmerke wat hierdie projek gefinansier het, met die doel om *Planet J*, die kinderbediening van Mosaïek, te huisves. Die groei wat binne die bediening plaasgevind het, het groot druk op die fasiliteite tot hulle beskikking gestel, en gevolglik is twee groot lokale (*Viaticus* 101 en 102) opgerig en ingerig om hulle te dien. Hierdie lokale word weekliks gebruik om **kinders** se verhouding met die Here te help bou en vorm.

Die *Viaticus Lounge* het 'n veilige en gemaklike ruimte geskep vir ouers met klein kinders. 'n Toegeruste speelraam bied speelruimte vir kinders, terwyl ouers die diens kan beleef wat direk na die lokaal gebeeldsend word. Hierdie ruimte bied saans 'n verwelkomende omgewing vir die ouer lede van ons **Nuwe Generasie** as hulle voor en na byeenkomste in hierdie lokaal kan kuier, en *community* beleef.

In die vier jaar sedert die ontstaan van die projek, het die fondse ook die aankoop van tegniese toerusting moontlik gemaak, soos byvoorbeeld ligte om ons **aanddiens-belewenis** aan te vul en meer toeganglik te maak vir 'n jonger gehoor.

Uitbreiding binne **welsynsprojekte** kon aangebring word. By *Emthonjeni* (Zandspruit) is kapitale aankope gemaak vir 'n koskombuis wat jaarliks die gemeenskap bedien met omtrent 44 000 borde kos vir kinders, swanger vroue en seniors. Die Florida Babahuis se fasiliteite kon opgegradeer word en aanbouings is gedoen om die huislike omstandigehede vir die babas te verbeter en aan van die huis-ouers se behoeftes te voldoen.

'n Dekades-lange droom om 'n toegekende spasie wat geleentheid skep om **eenkant te kom**, 'n pelgrimstog te onderneem en bergtop-ervarings te beleef, het in 2011 begin waar word. Met behulp van *Invest*, kon 'n besondere ruimte, geleë in die Krip van die Mensdom bekom word. Die plek sal bekendstaan as *Origins*. Hierdie ruimte is vir die jaar 2011 gehuur. 'n Spesifieke donasie van R 800 000 vir hierdie spasie is reeds ontvang, met verskeie donateurs wat dienste en produkte geskenk het om 'n gebou op te rig wat as bidplek by *Origins* sal dien, wat vroeg in 2012 in gebruik geneem sal word.

By *Emthonjeni* (Kwaggafontein) word daar tans 'n veeldoelige gebou opgerig wat die plaaslike gemeenskap gaan dien in verskeie behoeftes. Deur donasies wat ontvang is vanaf *Mozaic Christian Church*, Rocklin, Kalifornië, – asook fondse uit *Invest*, word die bou van die fasiliteite en die toerusting daarvan moontlik gemaak om ons **missionele uitdrukking** uit te bou.

inligting

Kontakbesonderhede:

t: 011 268 4700
f: 011 268 4800
✉**:** info@mosaiek.com
w: www.mosaiek.com
: @mosaiek
: MosaiekKerk

Pastorale sorg-noodlyn:
082 372 6818

Adres:
Fisies: Daniellestraat 1, Fairland 2030, Suid-Afrika
Pos: Posbus 1658, Fairland 2030, Suid-Afrika

Bankbesonderhede:

(Vir tiendes en bydraes)
Bank: ABSA
Naam: Mosaïek
Nommer: 01009131686
Takkode: 516805 (Cresta)

(Vir Invest-bydraes)
Bank: ABSA
Naam: Mosaïek
Nommer: 01017921688
Takkode: 516805 (Cresta)

Drukwerk geborg deur

PSG KONSULT

Rico Swanevelder CA(SA)
Finansiële beplanner
071 596 6173

PSG Konsult Finansiële Beplanning is 'n goedgekeure finansiële dienste verskaffer.

© 2012 Mosaïek